


APPLICATION



# HOE OM AANSOEK TE DOEN VIR NAGRAADSE PROGRAMME

2021




UNIVERSITEIT  
iYUNIVESITHI  
STELLENBOSCH  
UNIVERSITY

100

1918 · 2018



## STAP VIR STAP AANSOEKPROSES VIR NAGRAADSE AANSOEKERS



### STAP 1: Verken jou opsies

Maak seker dat jy die Universiteit se Toelatingsbeleid en die keuringskriteria van die verskillende fakulteite verstaan voordat jy aansoek doen. As nagraadse kandidaat kan jy slegs vir een program aansoek doen. Besoek gerus die Voornemende Nagraadse Studente webwerf by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies) en klik op [wat kan ek studeer](#), of kontak ons Kontak en Kliëntedienssentrum by +27 (0) 21 808 9111 of [info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za).

### STAP 2: Neem kennis van die sluitingsdatums

Besoek die Voornemende Nagraadse Studentewebwerf ([www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies)) vir 'n lys van [die sluitingsdatums](#) van al die nagraadse programme. Sluitingsdatums vir [finansiële bystand](#) is ook beskikbaar op die Nagraadse Kantoor se webwerf. **Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie.**

### STAP 3: Voltooi jou aansoek

#### I. Elektroniese/Aanlynansoeke

- 1.1 Om die [aanlyn aansoek](#) op [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies) te gebruik, moet jy oor 'n geldige e-pos adres en selfoonnummer beskik. Korrespondensie sal aan die e-pos adres en sms'e aan die selfoon gestuur word.
- 1.2 Sodra jy geregistreer het vir jou aanlyn aansoek, sal jy 'n **gebruikersnaam (studentenommer)** en 'n **8-syfer wagwoord** ontvang sodat jy met jou aansoek kan voortgaan.
- 1.3 Ten einde jou aansoek te voltooi, moet alle verpligte skerms (gemerk in rooi as 'Uitstaende') voltooi word. Die 'dien aansoek in' blokkie sal slegs beskikbaar wees nadat ALLE verpligte skerms voltooi is ('n groen 'Voltooi' blokkie word vertoon).

- 1.4 Maak asseblief seker dat alle inligting wat jy verskaf korrek is. Indien die inligting nie korrek is nie, behou die Universiteit hom die reg voor om jou aansoek nie te aanvaar nie of jou registrasie onmiddellik te kanselleer.
- 1.5 Indien jy nie die aansoek in een sessie of eenmalig kon voltooi nie, sal data nie verlore gaan nie en kan die aansoek op 'n latere stadium voor die sluitingsdatum voltooi word.
- 1.6 Nadat jy al die verpligte velde voltooi het, klik op die 'dien aansoek in' blokkie.
- 1.7 Jy sal nou jou **amptelike SUN-wagwoord** ontvang saam met jou gegewe gebruikersnaam (jou studentenommer) om toegang te verkry tot **jou aansoekstatus** waar jy jou dokumente oplaai en jou aansoek kan monitor.
- 1.8 **Om jou aansoek te voltooi** moet al die korrekte ondersteunende dokumente voor die sluitingsdatum via die **laai aansoek dokumente** skakel op die Voornemende Nagraadse Studente webwerf by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies) opgelaa word. Jou aansoek sal slegs verwerk word nadat jou aansoek voltooi is. Jou aansoek kan nie oorweeg word indien alle ondersteunende dokumente nie voor die sluitingsdatum opgelaa is nie.
- 1.9 Om 'n volledige aansoek in te dien wat aan die minimum vereistes voldoen, waarborg nie vir jou 'n plek in die program nie.

## 2. Hardekopie aansoek:

- 2.1 Ons beveel sterk aan dat jy aanlyn aansoek doen, maar as jy nie internettoegang het nie, kan jy 'n harde kopie aansoek by ons Kontak- en Kliëntedienssentrum bekom deur te skakel na 021 808 9111 of 'n e-pos te stuur na [info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za).
- 2.2 Indien jy 'n hardekopie aansoek invul, maak seker jy voltooi al die velde op jou van toepassing en dat jy al die nodige dokumente saam met jou aansoekvorm instuur. Ons kan nie jou aansoek oorweeg as ons nie al die regte inligting het nie. Jou aansoekvorm en ondersteunende dokumente moet ons teen die sluitingsdatum bereik.
- 2.3 Moet asseblief nie met beide die hardekopie vorm en aanlyn aansoek doen nie. As ons al twee soorte aansoeke van jou ontvang, kan ons slegs die elektroniese aansoek aanvaar as die bedoelde een.

# STAP 4: Maak seker dat jy alle vereiste dokumente oplaai



## I. JOU AANSOEKDOKUMENTE

1. Akademiese kwalifikasies

2. Getekende kontrak

3. Bewys van betaling van die R100 aansoekfooie (indien van toepassing)

4. Studente-ondersteuningsvorm (studente met gestremdhede wat ondersteuning benodig)

5. Bykomende fakulteitspesifieke dokumente (indien van toepassing)

- 1.1 Gewaarmerkte afskrifte van die oorspronklike dokumente, soos hieronder gespesifiseer, moet verskaf word.
- 1.2 Neem kennis dat jy alle amptelike akademiese rekords en graadsertifikate (vir elke tersiêre kwalifikasie wat jy verwerf het) moet verskaf, om sodoende formeel te kan registreer
- 1.3 Die Universiteit Stellenbosch behou hom die reg voor om oorspronklike en addisionele ondersteunende dokumentasie aan te vra indien dit op enige stadium nodig is.
- 1.4 Jou getekende kontrak, jou aansoekdokumente sowel as bewys van betaling (indien van toepassing) moet voor die sluitingsdatum aanlyn via die aansoek-dokumente skakel op [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies) gelaai word. As jy aansoek doen met 'n hardekopie-aansoek, moet jy al die vereiste dokumente by jou aansoek insluit.
- 1.5 Indien ons nie al jou dokumente teen die sluitingsdatum ontvang het nie, sal jou aansoek nie oorweeg word nie.
- 1.6 Dit bly jou verantwoordelikheid om seker te maak dat ons al jou dokumente ontvang het voor die sluitingsdatum. Jy kan jou aansoek op [www.maties.com](http://www.maties.com) monitor om seker te maak dat jou aansoek volledig is. Gebruik jou studentenommer en amptelike SUN-wagwoord om aan te teken.

## 2. NIE-AKADEEMIESE DOKUMENTE WAT ONS BENODIG

Alle dokumente is beskikbaar op die Voornemende Nagraadse Studente webwerf ([www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies))

- 2.1 Ondertekende kontrak (druk asseblief uit, teken en laai dan op). **Geen elektroniese handtekening word aanvaar.**
- 2.2 Studentesteeunvorm (studente met gestremdhede wat addisionele ondersteuning benodig)
- 2.3 Bewys van betaling (R100 nie-terugbetaalbare aansoekgeld)
  - Slegs SA burgers
  - Lees meer oor **betalingsopsies** by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies) of kontak ons Kontak en Kliëntedienssentrum by +27 21 808 9111 of [info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za).
- 2.4 Bewys van registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad vir Verpleging (SANC) vir Diploma en Honneurs in Verpleegkunde. Aansoekers van nie-Suid-Afrikaanse nasionaliteit moet bewys lewer van registrasie by die Raad vir Verpleging in hul eie land.
- 2.5 Kwalifikasiedokumente in vreemde tale (uitsluitend Afrikaans, Engels en Duits) moet vergesel word van beëdigde vertalings wat woord vir woord in Engels vertaal is en gewaarmerk is deur die amptelike vertaler. Met ander woorde, die dokumente in die oorspronklike taal en die vertaling in Engels moet albei ingedien word.
- 2.6 Bewys van taalvaardigheid in Engels (in gevalle waar die onderrigmedium van die mees onlangse kwalifikasie nie Engels was nie). Engelse taalvereistes ter oorweging by nagraadse studies is beskikbaar op die webblad vir voornemende nagraadse studente by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies) deur op "English Language Proficiency Requirements" opsie onder die "Application to SU" opskrif.
- 2.7 'n Interpretasie van die toekenningsinstellings se graderingstelsel vir internasionale kwalifikasies.
- 2.8 Die program waarvoor jy aansoek doen mag vereis dat jy addisionele dokumente as deel van jou aansoek indien. Besoek asseblief die betrokke program op die voornemende nagraadse student webwerf by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies) en klik op "Required Application Documents" om jouself te vergewis van al die dokumente wat saam met die aansoekvorm benodig word.

## 3. AKADEEMIESE DOKUMENTE WAT ONS BENODIG

- 3.1 **Resultate van finale skooljaar:** Verpligtend vir die volgende nagraadse programme: HonsBCom Ekonomie, MCom Ekonomie, sowel as Diploma, Honneurs- en Magisterprogram in Verpleegkunde.
- 3.2 **Tans ingeskryf by 'n tersiëre instansie (Universiteit Stellenbosch-kwalifikasies uitgesluit):** Voorwaardelike akademiese rekords wat jou modules toon vir elke akademiese jaar wat voltooi is, insluitende punte. Asook, bewys van registrasie vir die huidige akademiese jaar moet ook verskaf word.
- 3.3 **Tersiëre kwalifikasies verwerf (Universiteit Stellenbosch-kwalifikasies uitgesluit):**
  - 3.3.1 Relevante nagraadse sertifikate PLUS volledige akademiese transkrip vir elke jaar wat jy geregistreer is, met punte ingesluit
  - 3.3.2 Nagraadse diploma(s) PLUS volledige akademiese transkrip vir elke jaar wat jy geregistreer is, met punte ingesluit
  - 3.3.3 B-graad-sertifikaat/-sertifikate PLUS volledige akademiese transkrip vir elke jaar wat jy geregistreer is, met punte ingesluit
  - 3.3.4 Honneursgraadsertifikaat/-sertifikate PLUS volledige akademiese transkrip vir elke jaar wat jy geregistreer is, met punte ingesluit
  - 3.3.5 Meestersgraadsertifikaat/-sertifikate PLUS volledige akademiese transkrip vir elke jaar wat jy geregistreer is, met punte ingesluit (waar van toepassing)
  - 3.3.6 Doktoralegraadsertifikaat/-sertifikate PLUS volledige akademiese transkrip vir elke jaar wat jy geregistreer is, met punte ingesluit (waar van toepassing)
- 3.4 **Let op die volgende belangrike inligting rakende jou dokumente:**
  - 3.4.1 Maak asseblief seker dat jou kwalifikasiedokumente vir elke tersiëre kwalifikasie wat jy verwerf het, insluit en dat die dokument amptelik en gewaarmerk is.
  - 3.4.2 Dit beteken dat jou oorspronklike kwalifikasiedokumente (akademiese transkrip rekord en die meegaande graadsertifikaat) wat jy ontvang het toe jy gegradueer het, deur die instansie wat dit toegeken het, notaris, of 'n kommissaris van ede (bv. prokureur of diplomatieke amptenaar) gestempel en onderteken is, voorsien moet word. Indien jy na 'n polisiekantoor of die poskantoor gaan, maak asseblief seker dat dit die datum, naam, handtekening en rang van die beampte bevat.

- 3.4.3 Geen aanlyn punte van selfbedieningsportale of wagwoordbeskermdede dokumente word aanvaar nie.
- 3.4.4 Dokumente wat jy insluit moet duidelik en leesbaar wees (nie geklad, afgesny, of donker nie). Slegs PDF of JPEG dokumente sal aanvaar word.
- 3.4.5 Kwalifikasies wat korter as 12 maande geduur het, sal nie oorweeg word nie, so dit is nie nodig om dit te noem of verskaf nie.
- 3.4.6 Indien jy voorheen by Stellenbosch Universiteit studeer het, hoef jy nie akademiese rekords of graadsertifikate te verskaf nie. Ons het reeds toegang tot hierdie inligting.
- 3.4.7 Indien jy 'n kwalifikasie buite die Suid-Afrikaanse stelsel vir Hoër Onderwys verwerf het en jou finale graadsertifikaat nie beskikbaar is wanneer jy aansoek doen nie, verskaf asseblief die amptelike bewys dat jy die kwalifikasie voltooi het. Let daarop dat die bewys van voltooiing nie ouer as vyf jaar mag wees, vanaf die datum waarop die graad toegeken is, vir kwalifikasies buite die Suid-Afrikaanse stelsel vir Hoër Onderwys nie.
- 3.4.8 Vir Suid-Afrikaanse instellings vir Hoër Onderwys, moet die bewys van voltooiing nie ouer as een jaar wees nie.

## STAP 5: Monitor jou aansoekstatus



Sodra jy die aansoekstappe suksesvol voltooi het en jy jou erkenning van ontvangs van aansoek van die Toelatingskantoor ontvang het, is jou aansoek gereed om oorweeg te word vir toelating. Gebruik jou gebruikersnaam (studentenommer) en amptelike SUN-wagwoord om aan te teken en monitor **jou aansoekstatus** by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies). Hou in gedagte dat daar 'n boodskap op jou aansoekstatus kan wees om addisionele dokumente te versoek.

## STAP 6: Finansiële ondersteuning



Ons bied befondsingsgeleenthede en -ondersteuning aan. Jy word daaraan herinner dat aansoeke vir nagraadse finansiering gewoonlik in die huidige akademiese jaar sluit, vir die volgende jaar se innamesiklus. Indien jy meer wil weet oor die kriteria om te kwalifiseer vir nagraadse beurse en hul sluitingsdatums besoek die webblad van die Kantoor vir Nagraadse Befonding en Ondersteuning by [www.sun.ac.za/pgofunding](http://www.sun.ac.za/pgofunding). Jy kan ook die Kantoor skakel by +27 (0) 21 808 4208 of 'n e-pos stuur aan [postgradfunding@sun.ac.za](mailto:postgradfunding@sun.ac.za).

## STAP 7: Verblyf



Die meeste van ons studente (plaaslik en internasionaal) woon privaat terwyl hulle hul nagraadse studies voltooi. Oorweeg asseblief ons privaat verblyfopsies beskikbaar op die webtuiste vir nagraadse studente by [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies) >> "**Living in Stellenbosch**" >> "**Accommodation**".

Internasionale aansoekers kan vir selfsorg verblyf aansoek doen. Besoek gerus die Universiteit se Internasionale webblad by [www.sun.ac.za/international](http://www.sun.ac.za/international) gerus, of e-pos [interhouse@sun.ac.za](mailto:interhouse@sun.ac.za) vir meer inligting.

## AS JY HULP OF INLIGTING NODIG HET



Indien jy hulp met jou aansoek nodig het, of meer inligting benodig, kontak gerus die Universiteit Stellenbosch by 021 808 9111, rig 'n e-pos aan [info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za) of besoek [www.sun.ac.za/pgstudies](http://www.sun.ac.za/pgstudies).

### VRYWARING

*Die Universiteit het die reg om die inligting in hierdie brosjure deurlopend en soos nodig aan te pas. Dié inligting kan dus onvolledig of verouderd wees. Die inligting word hier so akkuraat en uitvoerig weergegee as wat na ons beste wete teen druktyd in Februarie 2020 moontlik was. Dit bly die voornemende student se verantwoordelikheid om die gegewe inligting te kontroleer. Die nuutste inligting is beskikbaar op [www.maties.com](http://www.maties.com) en by die telefoonnummers in hierdie brosjure.*

**Admission Office, Division for Student Access, February 2020**